

Nuusbrief 2 NG Gemeente Swartland-Noord Tweede semester 2018

Ons tye:

Ons tye is uitdagend met talle nuwe sake soos grond-onteining en die reeds bekende realiteit van die sukkelende ekonomie met kos-en brandstofpryse en mediese fonds bydraes wat net styg en styg op ons tafel. Tog is daar altyd geleenthede in uitdagende tye en laat dit mense na mekaar soek en na die Here soek. Ons het dit hierdie jaar as gemeente ook so ervaar. Ons dank die Here ook vir die waterkrisis waaroor so baie sinisme bestaan het en dat Hy dit deur Sy genade kom omdraai het. Die koringoeste en komende wingerd-oeste lyk ook belowend na aanleiding van die draai in die natuur. Aan die Here al die eer.

Betrokkenheid in die gemeenskap:

Ons was as gemeente die afgelope jaar betrokke in die gemeenskap deur verskeie projekte van Helpende Hande en ook deur die Plaasbediening onder plaaskinders. Daar is ook al hoe sterker betrokkenheid vanuit die gemeente by Goue Aar tehuis vir bejaardes. Ons skep ook nog steeds vir Kairos gevangenisbediening geleentheid om ons fasiliteite te kan gebruik vir hul vergaderings en kosvoorbereiding vir hul uitreik-naweek. Dit bly vir ons as gemeente belangrik om telkens oor die grense te bly beweeg en ook diensbaar aan ons hele gemeenskap en sy nood en behoeftes te kan wees.

Pinkster 2018:

Ons Pinksterreeks het plaas gevind vanaf 13 tot 20 Mei. Vir die eerste maal het die Coram Deo gemeente by ons aangesluit en het Francois Henn saam met Jan Steyn en Friedrich Claassen die prediking waargeneem. Ons tema was: **Die Gees wys ons afgode uit en maak ons vry**. Hier het ons onder andere saam geluister en gedink oor onderwerpe soos die afgode van godsdien, fikshied, tegnologie, geld en goed, romanse en mag. Die saamwees van gelowiges van verskillende gemeentes sal ons altyd bybly. Die middag-ete meditatiewe Pinkster gelei deur Stella Potgieter was 'n besliste hoogtepunt en het diep invloed op mense se geloofsbeleving uitgeoefen. Ons is dankbaar vir die saamwees van gelowiges wat ons kon ervaar in die Pinkstertyd en die geleentheid vir stil word en reflekteer wat die meditatiewe Pinkster gebring het.

Aanbieding oor grondhervorming/ grondonteiening:

Op Sondag 5 Augustus het die NG Kerk se Algemene Moderator dr Nelis van Rensburg aan ons die kerk se standpunt oor Grondhervorming kom stel en die standpunte was baie gebalanseerd en verrykend. Dit het baie van ons opnuut bewus gemaak van die komplekse realiteite van ons land. maar ook van die Here se genade en betrokkenheid in alles hiervan.

Courageous Conversation:

Op 6 September het hier 'n Courageous Conversation geleentheid in ons omgewing by Meerhof Kelder plaasgevind. Dit het plaasgevind onder die beskerming van Publieke Teologie van die NG Kerk en dr Braam Hanekom het as gespreksleier opgetree. Mense van verskillende beroepe en gemeenskappe was teenwoordig en ons het eenvoudig gepraat oor die toekoms van ons dorp. Die gesprek was verrykend en ons het na die tyd 'n beter en meer volledige prentjie gehad van wat in die dorp aan die gang is. Lidmate van Swartland-Noord wat aan die gesprek deelgeneem het was Koot Claassen, Poekie Dürr, Jan Steyn, Pieter Malherbe en Joggie en Reinette Scholtz. Ons het by mekaar geleer en ons sal graag iets van hierdie gesprek en hierdie luister na mekaar wil voortsit in ons Pinksterreeks vir 2019.

Basaar en gemeente-ete:

Ons basaar week het hierdie jaar op 26 September afgeskop met die Steakete wat soos altyd hierdie heerlike kuier geleentheid was. Ons basaar het vir die eerste maal in die Oktober skoolvakansie plaasgevind op Saterdag 29 September en ons was verras deur die ondersteuning wat ons ontvang het van ons gemeente en die gemeenskap. Dit was lekker om te sien hoe jonk en oud saamwerk en ook die mense so in die tent te sien kuier. Die Sondag na die basaar het die kerkraad vir die gemeente 'n gemeente-ete aangebied en dit was 'n wonderlike ervaring. Die Here het ons saam wees en saam eet so geseën en Benita en haar span het vir ons baie goeie diens gelewer in terme van die lekker middagete.

Jeug: Kategese en Belydenisaflegging:

Ons hierdie jaar vir die eerste keer begin met verskillende kleur Sondae wat saam met die onderrig of lering deel ook prakties saamwerk en uitreike en uitstappies begin insluit het. Ons sal in 2019 graag met hierdie werkswyse wil voortgaan, sodat kinders nie net deur hulle ore luister nie, maar deur saam doen en saam ervaar ook.

Ons Belydenisgroep se kamp het op 19-21 Oktober plaasgevind en ons het amper weggewaai in Bainskloof daardie naweek, maar geestelik was dit 'n wonderlike ervaring. Jannie en Inge van den Berg

het met soveel sorg en liefde as ons kosouers opgetree. By die belydenisete was ons verras oor die ouers se bywoning en net hulle gesindheid teenoor die kinders en die hele finalejaarsproses. Die Belydenisaflegging self het op Sondag 28 Oktober plaasgevind en ons was ook bevoorreg om ds Deon Jantjies van die Calvinse kerk en sy vrou Beverly en van hul lidmate by ons te kon ontvang. Dit was 'n voorreg om hulle veral saam met ons aan die Nagmaal-tafel te kon ontvang.

Die Jeugkommissie ondersoek ook die moontlikheid om vir die Finalejaars 'n Diensjaar by te voeg waar hul meer kan leer en ondervind van die praktiese werk van gemeente-wees. Dit word in samewerking met die Moedergemeente ondersoek.

Week van gebed:

Vanaf 21 tot 28 Oktober het ons as gemeente aangesluit by Jerigo Mure se week van gebed saam met ander gemeentes. Die Shophar gemeente is as basis gebruik en dit was voorwaar 'n voorreg om saam met ander gemeentes vir die dorp en ons gemeenskappe te kon intree. Ons hoop hierdie word 'n jaarlikse instelling.

Gemeente gholfdag:

Ons gemeente se gholfdag het op Saterdag 3 November plaasgevind. Die belangrikste is nie die goeie inkomste wat gegeneer is nie, maar die verhoudings wat gebou is met mense wat dalk buite die kerk en selfs die gemeenskap is. By sulke geleenthede besef ons opnuut hoeveel goed will daar ook teenoor die kerk nog bestaan deur die wyse waarop mense hierdie dag ondersteun.

Kerssangdiens 2018:

Op Sondag 25 November vind ons Kerssangdiens plaas. Dis iets wat ons nie net vir die gemeente aanbied nie, maar vir die gemeenskap. Baie ander gemeentes het nie die kapasiteit om so iets aan te bied nie en ons is baie dankbaar vir die kerkkoor en ons orrelis en klank- en data-mense en begeleiers wat hierdie geleentheid moontlik maak. En die akteurs wat die boodskap van Kersfees sal help uitdra.!

Vooruitskou 2019:

Ons voorlopige jaartema vir 2019 is eenvoudig die woord Nader. Nader is ook 'n werkwoord. Die vraag waarna ons telkens in 2019 sal terugkom is tot wie ons geroep en genooi word om te nader- die Here, mekaar as gemeente, die verskillende generasies in ons gemeente, broers en susters van ander kerke, mense wat ons nie ken nie en wat vir ons vreemdelinge is?

Die tema van ons veldtog in die eerste kwartaal sal draai rondom die sewe kruiswoorde van Jesus en gaan ons baie sterk in die lydenstyd inbring. Die veldtog word afgesluit en die Paastyd word ingelei deur 'n Paasspel op 14 April.

Ons ervaar dat die Here aan die werk is en dankie aan elkeen wat bereid is om ook deur hulle werk en betrokkenheid aan te sluit by waar die Here aan die werk is. Ons sien uit na die pad vorentoe. Dat ons nader aan die Here, na ander kinders van die Here en mense buite ons ervaringswêreld sal groei. Ons is opgewonde oor wat die Here in 2019 in ons gemeente en ons gemeenskap gaan doen.